




Lappies met 'n
roosmotief wat vir
baie doeleindes ge-
bruik kan word

BENODIGDHEDE: Ongeveer 50 g Dolphin-hekelgaring Nr. 5; hekelpen van 2 mm.

MATE: Groot mat, ongeveer 50 x 50 cm; langwerpige klein matjie, ongeveer 39 x 28 cm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; hlb - halflangbeen; dsl - dubbelslagsteek; herh - herhaal; st(e) - steek (steke); gs - glipsteek; sp(s) - spasie(s); vlg - volgende.

AANWYSINGS: Die groot matjie word van 64 blommotiewe gemaak, terwyl die kleiner langwerpige matjie uit 15 blomme bestaan.

BLOM: 1e rondte: 8 ks, sluit in 'n ring en hekel 16 kb in ring.

2e rondte: 1 kb, 8 ks, *slaan 1 st oor, 1 lb, 5 ks*; herh rondom.

3e rondte: (1 kb, 5 ks, 1 kb) in elke sp rondom.

Knip garing af.

Hekel 64 blomme vir groot mat of 15 vir die kleinere.

OMRANDING: Nadat blomme met naald en garing aanmekaar gewerk is, hekel omranding. Begin by een van die hoeke.

1e rondte: Steek hekelpen in 2e blomblaar en hekel 1 kb, 9 ks, 1 dsl, 5 ks. Steek pen in 3e blomblaar en hekel *1 dsl, 5 ks, 1 dsl, 5 ks, 1 dsl. Gaan oor na 4e blomblaar en hekel 1 dsl, 5 ks, 1 dsl, 5 ks. Gaan verder na

volgende 2 blomblare en herh van *, eindig met 1 dsl en gs in 4e van die 9 begin-ks.

2e ry: Met 2 gs, bereik middel van 5-ks-sp en hekel 1 kb, 5 ks; hou aan met 1 kb in elke sp en 5 ks.

3e rondte: (1 kb, 6 lb, 1 kb) in elke 5-ks-sp.

4e rondte: gs met 4 ste tot in middel van skulp en hekel 1 kb, 7 ks; herh op elke skulp 1 kb, 7 ks.

5e rondte: gs met 3 ste tot middel van hoek-sp en hekel 1 kb, 9 ks, 1 dsl, 1 lb; en oor vlg sp hekel 1 lb, 5 ks, 1 lb; hekel so voort van * tot vlg hoek; in elke hoek-sp hekel 1 dsl, 5 ks, 1 dsl, eindig met 5 ks en 1 gs in 4e ks.

6e rondte: Soos 5e ry.

7e rondte: (1 kb, 1 hlb, 6 lb, 1 hlb, 1 kb) in elke 5-ks-sp rondom.

Knip garing af en werk netjies af.